
© Die Oratorium Uitgewery

# Fees van die Kruisverheffing

## 14 September

Die heilige Kruis is die een teken wat uitstaan,
die groot simbool, van die Christelike geloof.

Dit is die eerste teken wat 'n Katolieke kindjie
leer maak en dit is gewoonlik die laaste teken
wat oor 'n afgestorwene gemaak word.

In die tyd van die Here Jesus was dit 'n teken van skande,
diep vernedering en die dood. Hy het dit 'n teken
van hoop en lewe gemaak. Aan die kruis het die Here Jesus
finaal deur ons menslike skuld en magteloosheid gebreek.

Agter die duisternis van Goeie Vrydag
groei en gloei daar vir ons almal die lig van Paasfees.